



Beste Lid

17 Oktober 2019

Unify in 2020

Die Unify-spaaropsie se ruim 25%-spaarrekening en bestaande uitstekende voordele is vir 2020 gehandhaaf en verder uitgebrei. Unify se volhoubaarheid is ook verseker deur verantwoordelike prysingsbeginsels toe te pas, terwyl daar seker gemaak is dat dit mededingend bly wat voordele en prys betref.

Jou voordele in 2020 en die prosesse wat jy moet volg om dié voordele te gebruik, word volledig in die Unify-gids bespreek. Klik op die skakel om die gids te lees of af te laai.

[Unify-ledegids](#)

Nuut in 2020

Jy sal in 2020 meer fondse vir dag-tot-dag- mediese uitgawes beskikbaar hê omdat die volgende vier voordele nie meer uit jou spaarrekening betaal word nie, maar deel sal vorm van die versekerde voordele wat bo en behalwe jou spaarrekening beskikbaar is:




- **Dag-tot-dag-kindersorgvoordeel** – Indien jy jou spaarrekeningfondse deur die loop van die jaar opgebruik, sal 'n versekerde voordeel van R1 000 per gesin vir konsultasies by algemene praktisyns vir kinders vanaf 2 jaar en jonger as 12 jaar geaktiveer word om voorsiening te maak vir onvoorsiene mediese uitgawes wat met jong kinders gepaard gaan.
- **Voordeel vir 'n papsmeer** – Een papsmeer per vroulike bevoordeelde in 'n 3-jaarvoordelesiklus (die siklus begin in 2020).
- **Omvattende tandheelkundige behandeling vir kinders** – Jy sal versekerde dekking geniet vir die hospitaal en narkotiseur se koste met betrekking tot omvattende tandheelkundige behandeling in die hospitaal vir kinders jonger as 5 jaar (een keer per leeftyd). Lees asseblief op bladsy 10 en 30 van die gids hoe om voorafgoedkeuring te kry en watter bybetalings van toepassing is.
- **Endoskopiese prosedures in die dokter se spreekkamer** – Die dokter se fooi vir endoskopiese prosedures (gastroskopiese, kolonoskopiese en sigmoïdoskopiese) word uit die versekerde voordele betaal. Indien 'n narkotiseur moet assisteer en 'n biopsie geneem moet word of patologiese dienste nodig is, sal hierdie koste uit die spaarrekening betaal word.

Ledegeld in 2020

Die aanpassing in Unify se ledegeld vir 2020 is beïnvloed deur die voordeleverbruik van sy vinnig groeiende en veranderende ledeprofiel, asook tariefstygings. Met inagneming van die ledegeld- en voordele-aanpassing, dui markvergelykings met soortgelyke produkte aan dat Unify steeds die opsie met die laagste maandelikse premie in sy klas sal wees in 2020. Die jaarlikse spaarrekeningfondse het met gemiddeld 12,2% toegeneem en bied omvattende, aanpasbare dag-tot-dag-dekking van R14 184 vir 'n paartjie en R18 792 vir 'n gesin van vier. Jy sal ook voordeel trek uit die verskuiwing van dekking van jou spaarrekening na die versekerde voordele vir die voordele soos vroeër genoem.

In 2020 betaal jy steeds die ledegeld vir kinderafhanklikes vir jou kinders totdat hulle 26 jaar oud word. Die maandelikse ledegeld vanaf 1 Januarie 2020 is soos volg:

Maandelikse ledegeld

Hooflid		R2 598 (R7 776 spaarbydrae beskikbaar per jaar)
Afhanklike		R2 136 (R6 408 spaarbydrae beskikbaar per jaar)
Kinderafhanklike <26 jaar		R780 (R2 304 spaarbydrae beskikbaar per jaar)

Werkgewersubsidies is nie bygereken nie.

Netwerkverskaffers

Aangewese diensverskaffers sal in 2020 onveranderd bly, waar van toepassing (sien bladsy 29 van jou gids). Dit is raadsaam om hierdie verskaffers te gebruik om onnodige uitgawes te vermy.

Spesialiste

Die netwerk van genomineerde spesialiste vir VMV-dienste en die gekontrakteerde netwerk van chirurgie met wie tariewe vir VMV- en nie-VMV-dienste onderhandel is, word gereeld bygewerk en is op die Member Zone beskikbaar onder "Netwerkverskaffers".

Noodvervoerdienste


Netcare 911 is die aangewese diensverskaffer van nood mediese vervoer in 2020. Skakel hulle by **082 911** om voorafgoedkeuring vir noodvervoer te kry.

Diens en ondersteuning in 2020

- Op die [Member Zone](#) (beveiligde webblad vir lede) kan jy inligting kry met net 'n klik of twee. Jy kan jou belastingsertifikate aflaai, beskikbare voordele sien, eisestate lees, besonderhede bywerk en goedkeuringsversoeke vir hospitalisasie aanlyn rig.
- Medihelp se app vir lede het funksies soos toegang tot 'n e-lidmaatskapkaart, soek vir 'n netwerkverskaffer en inligting oor jou beskikbare voordele.
- Die nuutste élan-tydskrif met artikels oor onderwerpe soos 'n gesonde swangerskap en bringesondheid is beskikbaar op die [HealthPrint-webtuiste](#) vir jou leesgenot.

Indien jy oorweeg om vanaf 1 Januarie 2020 na 'n ander voordele-opsie te verwissel, moet jy ons asseblief laat weet via die [Member Zone](#) of per e-pos na membership@medihelp.co.za teen Maandag, 16 Desember 2019 op die laatste. Na hierdie datum sal geen verwisseling van voordele-opsie aanvaar word nie. Indien jy Medihelp graag wil skakel om te verwissel, moet jy dit asseblief voor Vrydag, 13 Desember 2019 om 16:00 by 086 0100 678 doen om genoeg tyd vir die verwerking van die verwisseling toe te laat.

Vriendelike groete



HEYN VAN ROOYEN
HOOFBEAMPTE